WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO
Reeks H: Inougurele Rede, nr. 60

# DIE DILEMMA VAN EKONOMIESE HULPVERLENING

L.A. van Wyk

Potchefstroom
1980

# DIE DILEMMA VAN EKONOMIESE HULPVERLENING

Prof. L.A. van Wyk

„Officially the aid climate is fraught with disillusionment and distrust because foreign aid has become an experiment in international cooperation in which both the donors and the recipients have been exposed to more problems than they anticipated at the start" (Ezenwe, 1979, p. 57).

## 1. INLEIDING

'n Land se internasionale finansiële posisie word deur sy betalingsbalans en die peil van sy monetêre reserwes op sy lopende en kapitaalrekening aangedui. Die meeste minder ontwikkelde lande (olie-uitvoerlande uitgesluit) is egter groter invoerders as uitvoerders en het normaalweg 'n invloei van buitelandse finansiële bronne nodig om aan hulle behoeftes te voldoen. Daarom vorm die verkryging van hierdie bronne 'n permanente deel van hulle langtermynontwikkelingstrategie[1]. Hierdie lande kan die bronne op twee maniere bekom, naamlik eerstens deur private buitelandse investering en tweedens deur openbare buitelandse hulp. Laasgenoemde kan van owerhede, instellings of individue afkomstig wees. In hierdie rede word ook net die verskaffing van amptelike (openbare) hulp ontleed.

Die ontwikkelingspotensiaal in minder ontwikkelde lande is egter vandag so beperk (kyk byvoorbeeld Van Wyk, 1977, p. 498-425) en so wisselend dat baie min van hierdie lande op private buitelandse investering as ondersteuning vir hulle behoeftes kan reken. Daar moet onthou word dat daar 'n wye verskeidenheid van minder ontwikkelde lande bestaan. Hulle is egter maklik identifiseerbaar — net soos 'n kameelperd: maklik om te herken maar as 'n groep lande nie so maklik om te beskryf nie (Offergeld, 1979, p. 68). Hulle voel hulle dus verplig om hulle op buitelandse hulpverlening te beroep. Die welslae wat hierdie lande van die Derde Wêreld deur gesamentlike optrede en op die eise wat hulle stel, behaal het, het ook meegebring dat

1) In hierdie rede word net die behoefte aan finansiële bronne, en nie ander bronne soos tegniese en opvoedkundige bronne nie, ontleed.

daar vandag nie meer om buitelandse hulp gevra word, en dit word nie meer as 'n guns beskou nie. Teenswoordig word dit as 'n reg beskou, en die eise word steeds blatanter, soos weer met die vyfde vergadering van die VVO se Konferensie oor Handel en Ontwikkeling (UNCTAD V) geblyk het (Ezenwe, 1979, p. 57-59).

Onmiddellik tree die twee pole waarmee hierdie rede hom bemoei, na vore: die houding van die ontwikkelde lande wat hulp moet verleen, aan die een kant, teenoor die houding van die minder ontwikkelde land wat dit graag wil ontvang, aan die ander kant. Die dilemma word ervaar in die groot verskille wat daar tussen hierdie lande bestaan, omdat daar selde van 'n harmoniese verloop in hierdie proses sprake is. Die ontwikkelde lande ervaar 'n dilemma in die sin dat hoewel hulle oor die middele beskik, dit dikwels nie die beoogde doelwitte bereik nie. Die minder ontwikkelde lande daarteenoor word deur die dilemma gekonfronteer dat hulle moet vra om bronne waaroor hulle nie werklik seggenskap het nie. Die gevolg is dat die hele aangeleentheid van hulpverlening in 'n soort konflik tussen Noorde en Suide ontwikkel het. Daarom begin dit al hoe meer ooglopend word dat die hele internasionale gemeenskap baie ernstig oor alle beleidsaspekte insake hulpverlening sal moet besin.

Die aktualiteit van hierdie onderwerp vir die Republiek van Suid-Afrika het ook weinig motivering nodig. Die Republiek van Suid-Afrika word vandag deur die Wêreldbank as die enigste nywerheidsland in Afrika beskou en al sy onmiddellike bure nog as minder ontwikkeld. Hierbenewens is minder ontwikkelde gebiede en groepe binne die grense van die Republiek ook geen vreemde verskynsel nie. Word die totale omvang van hierdie hulp vir die RSA in ag geneem, waar dit in 1977-78 reeds byna R1 000 miljoen beloop het, is dit duidelik dat dit geen onbenullige faktor in die owerheidsbeleid is nie.

Die probleem strek egter nog veel wyer: Volgens die Ontwikkelingshulpkomitee (OHK) van die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OESO) word daar teen 1985 elke jaar R47 000 miljoen aan amptelike ontwikkelingshulp benodig (World Bank, 1978 (b), p. 8). Dit gaan 'n aansienlik groter besteding as tans van die ledelande van hierdie Ontwikkelingshulpkomitee verg. Daarvoor sal hulle spesifiek moet beplan alleen as hulle daartoe instem. Hulle ontwikkelingsbeleid moet dus ook onder die soeklig kom.

In die hele beleidsformulering is normatiewe beslissings nodig. Die waarde van die Christelike wetenskap vir die besluitnemer is dan ook bo verdenking, want in die Christelike aanbieding van Ekonomie en Ontwikkelingsekonomie as deelwetenskap word die student voortdurend onder die be-

sef gebring dat sy Christelike uitgangspunte van kardinale belang is om probleemsituasies te vertolk maar meer nog om in die toepassing van sy wetenskap blywende besluite te neem.

In die verdere bespreking gaan die volgende aspekte ontleed word om die belangrikste fasette van beleidsvorming te verduidelik:

Eerstens word kortliks 'n omskrywing van hulpverlening gegee. Tweedens volg 'n kort uiteensetting van die verloop van hulpverlening die afgelope twee dekades. Derdens word dan op die spesifieke redes vir ekonomiese hulpverlening gelet. Hieruit volg veral die dilemma waaraan hulpverlening onderhewig is. Vierdens word na die betekenis van hulpverlening verwys. Daar word afgesluit deur enkele aanbevelings oor beleidsformulering vir hulpverlening te maak.

## 2. WAT IS HULPVERLENING OP EKONOMIESE GEBIED?

Dit word kortliks soos volg omskryf: Ekonomiese hulpverlening is geld of ander finansiële middele wat teen gunstige terme verskaf word. Daarby moet die doelwit van die verskaffer nie wees om uitsluitlik handel en ekonomiese voordele hieruit te trek nie (Meier, 1974, p. 18; kyk ook Healey, 1977, p. 1-2, 14, 15; Streeten, 1972, p. 59-64; Clark, 1965; vir tipes hulpverlening kyk Ohlin, 1966, p. 85-98). Soos weldra sal blyk, is dit juis wat meestal nie in die praktyk gebeur nie. Die hulpverlening geskied deur lenings wat teen wisselende maklike terme beskikbaar gestel word, of deur skenkings. Benewens die regstreekse finansiële hulp kan dit ook onregstreeks verskaf word, byvoorbeeld op tegniese gebied.

## 3. VERLOOP VAN HULPVERLENING DIE AFGELOPE TWEE DEKADES

Ekonomiese hulpverlening het eintlik eers na die Tweede Wêreldoorlog sy verskyning gemaak. Aanvanklik het die klem ook op tegniese hulpverlening geval as die vinnigste metode om ekonomiese ontwikkeling te verseker. Baie gou het dit egter geblyk dat dit nie voldoende was nie, veral weens die gebruik van hoogs opgeleide tegnici in lande waar hulle nie hulle volle kundigheid doeltreffend kon aanwend nie. Tydens die vroeë vyftigerjare, toe die Marshallplan feitlik afgeloop was, het veral die VSA en die Wêreldbank begin om hulp te verskaf. In die laat-vyftigerjare het die klem toe weer na die belegging in menslike hulpbronne eerder as in kapitaal bronne begin ver-

skuif. Sedert die middel-sestigerjare het die wêreld ook veral van die vinnig groeiende bevolkings bewus begin word, veral in Indië en Sjina (en Afrika), en die dreigende armoede wat miljoene mense in die gesig gestaar het. Dit was veral toe dat die verskaffing van ekonomiese ontwikkelingshulp in alle erns onder die soeklig geplaas is en besef is dat dit 'n geweldige verwikkelde onderneming is om met ekonomiese hulp 'n land van 'n arm, stagnerende toestand na 'n welvarende gemeenskap te voer.

## 4. REDES VIR EKONOMIESE HULPVERLENING EN DIE INTERNASIONALE EKONOMIESE GEMEENSKAP

Die belangrikste rede vir ekonomiese hulpverskaffing bevat 'n hele aantal dilemmas, wat soos volg gestel kan word:

### 4.1 Die ontwikkelingsgaping

Die groot ontwikkelingsgaping wat daar tussen ontwikkelde en minder ontwikkelde lande bestaan, is sekerlik die belangrikste rede vir ekonomiese hulpverlening. Hieruit vloei ook talle van die ander redes vir ekonomiese hulpverlening voort. Die groot verskille tussen die lae/middelinkomste-(arm) lande teenoor die nywerheids-(ryk) lande word in tabel 1 aangedui. Hiervolgens het die lae-inkomstelande met 'n totale bevolking van 1 215,5 miljoen gedurende 1976 'n gemiddelde inkomste van R123 per capita gehad. Vir die middelinkomstelande was die ooreenstemmende gegewens 896,5 miljoen en R615. Daarteenoor is dit vir die nywerheidslande 682,8 miljoen en R5 084 en vir die olieproduserende lande 12,2 miljoen en R5 174. Dit kan ook soos volg gestel word: Uit 'n totale wêreldbevolking (sentraal beplande lande uitgesluit) van 2 820,0 miljoen in 1976 het 43.1 persent R123 per kop geproduseer, 31,8 persent R615 per kop en 25,1 persent meer as R5 000 per kop.

As hierdie analise verder gevoer word, word ook gevind dat feitlik al die arm lande in Suid-Amerika, Afrika en Asië te vind is (World Bank, 1978(a), p. 8). Trouens, 21 van die 34 lae-inkomstelande is in Afrika geleë (World Bank, 1978(b), p. 32, 76-77). Alle minder ontwikkelde lande se inkomste per capita is ongeveer 11,9 persent van dié van die ontwikkelde lande. Teen 1975 is 770 miljoen mense in die wêreld as absoluut arm beskou, dit wil sê dit is mense met 'n inkomste minder as R100 per jaar (Ezenwe, 1979, p. 56). Vir die hele wêreld beteken dit dat 67 persent van die wêreldbevolking as werklike arm mense beskou kan word en 39 persent as nooddruftig (men-

se met inkomste van minder as R56 per jaar).

Die volgende tabel gee 'n oorsig hiervan:

**ARM MENSE IN DIE WÊRELD IN 1972**

| *Kontinent* | *Werklik arm* | *Nooddruftig* |
|---|---|---|
| | % | % |
| Afrika | 69 | 39 |
| Asië | 71 | 42 |
| Latyns-Amerika | 43 | 27 |
| Totale wêreldbevolking | 67 | 39 |
| | (1 210 miljoen) | (706 miljoen) |

Met sulke groot agterstande het die minder ontwikkelde en die ontwikkelde lande besef dat eersgenoemde nie op eie stoom hierdie gaping sou kon oorbrug nie. Ekonomiese hulpverskaffing was die towerwoord. Maar die verskille is baie groot, byvoorbeeld: In 1973 is bereken dat dit Nigerië 124 jaar sou kos om dieselfde ontwikkelingspeil as dié van die VSA te bereik (Van Wyk, 1974, p. 17-19). Hierdie voorbeeld geld vir die meeste minder ontwikkelde lande, sodat die droom van 'n uitskakeling van die ontwikkelingsgaping slegs 'n hersenskim bly. Die eerste groot dilemma is dus dat die minder ontwikkelde lande die frustrasie moet ervaar dat hulle nie deur ekonomiese hulpverlening hierdie gaping uitgeskakel gaan kry nie. Daarom moet hulle hierdie doelwit nie as die primêre oogmerk van ekonomiese hulpverlening sien nie. McNamara (1977, p. 8) stel dit soos volg: „But for the developing nations to make closing the gap their primary objective is simply a prescription for needless frustration".

### 4.2 Ekonomiese ontwikkelingspotensiaal

'n Rede vir ekonomiese hulpverlening wat dikwels aangevoer word, is dat minder ontwikkelde lande slegs ekonomiese hulpverlening nodig het om hulle ekonomiese masjien aan die gang te sit (Todaro, 1977, p. 351, met ander woorde om hulle ontwikkelingspotensiaal te ontgin. Om hulle ontwikkelingspotensiaal te bepaal moet daar sekere indekse ontleed word. Die indekse kan saamgevat word as eerstens die kapasiteit van minder ontwikkelde lande om internasionale handel te onderneem; tweedens watter beleggingsmoontlikhede bestaan en derdens hoe produktief die lande is. 'n Vinnige analise van al drie hierdie indekse kan op 'n gebrekkige benutting van

die potensiaal dui indien op eie bronne staat gemaak moet word.

*4.2.1 Internasionale handel*

Minder ontwikkelde lande ervaar aansienlike probleme op die vlak van die internasionale handel. Eerstens is die meeste van hierdie lande te klein om van grootskaalse (veral nywerheids-) produksievoordele gebruik te maak. Daar sal byvoorbeeld teen 1980 maar 12 lande in Afrika met bevolkings van groter as 10 miljoen wees (United Nations Economic Commission for Africa, 1972 p. 17). Verder is die meeste van hierdie lande se uitvoer beperk tot enkele (gewoonlik landbou-)produkte, wat hulle dus baie kwesbaar vir prys- en vraagveranderinge sowel as klimaatsveranderinge maak. Word Afrika weer as voorbeeld geneem, was gedurende die sestigerjare slegs 5 produkte (koper, koffie, katoen, kakao en petroleum) vir twee derdes van die uitvoer van Afrikalande verantwoordelik (Van Wyk, 1977, p. 505). Teen die einde van 1975 was primêre produkte in elk geval nog vir 94 persent van die uitvoer van lae-inkomstelande en 82 persent van die uitvoer van die middelinkomstelande teenoor die 24 persent van die nywerheidslande verantwoordelik (World Bank, 1978(b), p. 88-89). Die invoer van die minder ontwikkelde lande was ook nog hoofsaaklik op masjinerie en kapitaalprodukte gerig. Dus was hierdie lande se potensiaal tot internasionale handel baie beperk weens die gebrek aan diversifikasie, mededinging en lae peil van nywerheidsontwikkeling.

*4.2.2 Belegging*

Daar is reeds daarna verwys dat die minder ontwikkelde lande nie in hulle eie beleggingsbehoeftes kan voorsien nie, hoofsaaklik omdat daar nie voldoende besparing in die lande plaasvind nie. Ofskoon die bruto binnelandse investering van die minder ontwikkelde lande van 1960 tot 1975 toegeneem het, het hulle behoefte aan belegging – en dan veral aan buitelandse kapitaal – ook van 1970 tot 1975 van 12 na 16 persent toegeneem, soos duidelik in tabel 3 aangetoon word.

*4.2.3 Produktiwiteit*

Produktiwiteit is 'n funksie van die land se eie bevolking, goeie opleiding, voldoende opgeleide personeel en motivering. Veral ten opsigte van die laaste drie faktore beleef minder ontwikkelde lande 'n geweldige tekort. Dit word weer duidelik geïllustreer deur die onvermoë van Afrikalande.

Hulle kon nie naby die gestelde onderwysdoelwitte vir 1980 soos deur UNESCO aangetoon kom nie, want selfs so laat as 1968 is verwag dat twee derdes van die bevolking van Afrika ongeletterd sal bly (Kamarck, 1971, p. 234). Wat veral die opleiding vir verhoogde produktiwiteit verder beperk, is die gebrek aan voldoende eie gekwalifiseerde personeel, sodat in 'n groot mate van buitelandse hulp gebruik gemaak word. Die personeel is meestal totaal onvoorbereid om in 'n vreemde taal en omgewing goeie opleiding te verskaf. 'n Groot gebrek is die swak motivering tot hoë produktiwiteit, wat sekerlik met die gebrek aan kerstening in hierdie lande verband hou.

Ofskoon die minder ontwikkelde lande tog hulle ekonomiese ontwikkelingspotensiaal in die afgelope 25 jaar verbeter het en dit met hulle vir die huidige beter gaan as met die resessie van 1973 tot 1975 (World Bank, 1978, p. 14 en Ezenwe, 1979, p. 55), is die werklike arm lande so vasgevang in hulle swak sosiale en ekonomiese toestande (duisende is ongeletterd, ondervoed, het swak gesondheidstoestande, is sonder behuising en werk) dat hulle eenvoudig sonder hulp nie hulle ontwikkelingspoging van stapel gestuur kan kry nie (McNamara, 1977, p. 5). Die tweede dilemma in die ekonomiese hulpverlening is dus om minder ontwikkelde lande in staat te stel om hulle ontwikkelingsproses aan die gang te kry, maar die hulpverleners kon dusver nog nie die werklike resultate waarneem nie.

### 4.3 Humanitêre oorwegings

Humanitêre oorwegings het vandag sekerlik een van die belangrikste aansporinge tot ekonomiese hulpverlening geword (Salvatore & Dowling, 1977, p. 190). Dit het veral die slagspreuk geword toe die wêreldarmoede so duidelik onder die oog gekom het. Die dilemma wat hier ervaar word, is dat die uitgangspunt baie selde op die etiese kodes volgens Christelike grondslag gevestig is. In die meeste gevalle word hier 'n pragmatistiese beleid gevolg van die verskaffing van hulp aan die armes en die arm lande solank dit nie die skenker sal benadeel nie (McNamara, 1970, p. 3-4). Om die waarheid te sê, dit word meestal sterker bedoel (ofskoon nie hard gesê nie), naamlik dat hulp net verskaf moet word solank dit die skenker sal bevoordeel. Die humanitêre oorwegings word eintlik dan selfgesentreer en op eie belang toegespits, wat weldra ter sprake kom. Die dilemma wat hieruit voortvloei, is dat die meeste owerhede geen duidelike beleid kan neerlê nie, omdat humanitêre oorwegings so 'n wye verskeidenheid van betekenisse kan meebring as die ware Christelike naasteliefde nie daaruit kan spreek nie. Natuurlik moet daar terdeë besef word dat lande wat oor die bronne beskik, hulle middele op 'n verantwoordelike wyse moet gebruik en geen verskoning tot hulpver-

lening het indien dit vermors word nie.

### 4.4 Eie belang

'n Faktor wat die ekonomiese hulpverlening van lande wesenlik beïnvloed, hoewel baie selde duidelik uitgespel, is eie belang. Daar kan selfs geargumenteer word dat ekonomiese hulpverlening sy oorsprong hierin gehad het, want die meeste van die koloniale en groot moondhede het aan hulle kolonies of vriende begin hulp verskaf omdat hulle grondstowwe, 'n afsetgebied of goedgesindheid kon of wou verkry. Daar was deurgaans 'n politieke doelwit in die ekonomiese hulpverskaffing ingeweef, hoewel ekonomiese oorwegings aan die begin ook belangrik was. Spesifieke argumente wat geopper word, is onder andere die volgende: ekonomiese hulp word verskaf om Kommunisme te bestry (of te bevorder in die geval van die Kommunistiese lande) omdat armoede deur onrus 'n gunstige klimaat vir Kommunisme stel; ekonomiese hulpverlening verhoog die uitvoergeleenthede van beide partye; ekonomiese hulpverlening kan help om van surplusproduksie (veral op landbougebied) ontslae te raak, en ekonomiese hulpverlening kan help om nuwe grondstowwe te ontgin.

Die dilemma waarvoor skenkerlande te staan kom, is dat hierdie oorwegings van eie belang hulle dikwels voor teenstrydighede laat beland. Die skenkerland het die probleem dat nadat hy hulp verskaf het, hy 'n verwantskap met die ontvanger opgebou het wat nie sonder meer verbreek kan word nie. Ten eerste sou die skenking om eie belang wees en ten tweede stel dit die ontvanger in staat om verskillende skenkers met afdreiging teen mekaar af te speel. Die gevolg is dat 'n land in die onbenydenswaardige posisie kan beland waar sy eie belang nie met die ontvangerland s'n ooreenstem nie. Daar word veral gevind dat waar die ekonomiese belang geneig is om oor die lang termyn stabieler te wees, politieke faktore oor die kort termyn lande voor groot dilemmas in hulle hulpverlening kan plaas. Die RSA het al self sy vingers in hierdie opsig verbrand, byvoorbeeld met hulpverlening aan Madagaskar.

Die dilemma vir ontvangerlande is eerstens geleë in hulle groot behoefte aan hulpverlening, wat hulle dwing om dikwels daarom te vra deur byvoorbeeld bronne te gaan soek wat hulle nie binne hulle algemene politieke bedeling sou verkies het nie. In hierdie opsig kan na sommige van die buurlande van die RSA verwys word, wat sekerlik in baie gevalle liewer nie openlik sou wil erken dat die Republiek hulle skenker is nie.

Tweedens staan die minder ontwikkelde lande voor die probleem dat hulle laste so groot is dat hulle nie hulle verpligtinge kan nakom nie. So

neem hierdie verpligtinge ook stelselmatig toe, soos deur tabel 5 en 6 aangetoon word. Eerstens het diensbetalings op verpligtinge van alle minder ontwikkelde lande van 1970 tot 1975 van 2,1 persent na 2,4 persent van hulle bruto nasionale produkte toegeneem, maar teen 1985 sal dit al 4,3 persent wees. Uitstaande skuld van die minder ontwikkelde lande het vir die laeinkomstelande van 1970 tot 1976 van 14,2 persent na 20,9 persent toegeneem, terwyl die ooreenstemmende gegewens vir die middelinkomstelande 13,2 en 17 persent is (kyk o.a. Streeten, 1972, p. 69-88; Meier, 1974, p. 41-43; en Healey, 1977, p. 64-72). Die verpligtinge van die lande kan dus 'n al hoe groter deel van hulle produksie opeis. Dit hou ook die dilemma vir skenkerlande in dat hulle ekonomiese hulpverlening aan redelike groot ekonomiese (afgesien van politieke) risiko's onderhewig is, en dit maak dat hulle minder geneë is om dit te verskaf.

Omdat eie belang so 'n oorheersende rol in ekonomiese hulpverlening speel en nie 'n gefundeerde beleid van hulpverlening nie, word ook ervaar dat veral huishoudelike probleme 'n vinnige verandering oor die houding ten opsigte van hulpverlening kan meebring. Eie belang het dus ook 'n groot element van onstabiliteit in die beleid van ekonomiese hulpverlening. Dit is ook duidelik dat hierin afgewyk word van wat eintlik onder ekonomiese hulpverlening verstaan moet word.

### 4.5 Tipe hulp

'n Besondere probleem in ekonomiese hulpverlening is die verkryging en die verskaffing van die regte of gepaste tipe hulp.

Vir die ontvanger geld die ou spreekwoord meestal dat 'n gegewe perd nie in die bek gekyk mag word nie. Benewens dat die hulpverlening dan uit „onwelkome" oorde, soos hierbo aangedui, mag kom, is die probleem groter dat dit dikwels nie presies is wat benodig word nie. Die skenker het die oog dikwels op ander oogmerke as die ontvanger, met die gevolg dat die ontvanger nie beheer oor die aanwending van die hulp het nie en dat dit in rigtings mag gaan wat nie vir die ontvanger van optimale nut is nie. So vind 'n mens 'n oormaat van militêre hulp en opgeleide adviseurs in „nie-gepaste" tegnologieë, ensovoorts.

'n Tweede dilemma kan ontstaan deurdat minder ontwikkelde lande dikwels ekonomiese hulp vra wat hulle nie kan gebruik nie (dit kan natuurlik, in aansluiting by die vorige paragraaf, ook wees dat dit deur die skenker op hulle afgedwing word). Dat minder ontwikkelde lande so optree, is dikwels heeltemal verstaanbaar, want hulle word dikwels deur die voorbeeld van die produksie- en verbruikspatrone van die ontwikkelde lande verlei om tegno-

logieë te wil gebruik wat nog nie in hulle peil van ekonomiese ontwikkeling inpas nie, en deur die sogenaamde buitelandse deskundiges met 'n baie beperkte kennis van die minder ontwikkelde lande se omstandighede verkeerd ingelig. Dit is byvoorbeeld waarom 'n land sy landbouproduksie sal wil opstoot deur die aankoop van groot meganiese toerusting, terwyl 90 persent van sy bevolking sonder werk sit.

Maar 'n nog groter probleem is dat minder ontwikkelde lande dikwels nie die kapasiteit het om die ekonomiese hulpverlening te absorbeer nie (Streeten, 1972, p. 111-122). Dit sal so 'n land niks help om al die trekkers in die wêreld tot sy beskikking te hê as hy nie opgeleide bestuurders vir die trekkers het nie.

Derdens word die ekonomiese hulpverlening ook baie keer onder sekere spesifieke voorwaardes verskaf (kyk o.a. Healey, 1977, p. 15-21; 73-87; Streeten, 1972, p. 145-148; en Thirlwall, 1976, p. 62-65). Dit kan beteken dat die hulpverlening vir 'n spesifieke projek verleen word, of dat daar sulke voorwaardes daaraan gekoppel word dat die hulp aangewend moet word om by die skenker te koop, of dat sekere produkte (byvoorbeeld grondstowwe teen voorkeurpryse) aan die skenker verskaf moet word. Dit het 'n dubbele nadeel vir die ontvangerland want dit beteken dat hy nie die hulp vir sy spesifieke behoeftes kan aanwend nie en daarom nie noodwendig die beste pryse kan gaan beding nie, maar ook dat hy nie sy produkte ongehinderd kan bemark nie. Volgens berekening verhoog hierdie voorwaardes die invoerpryse van produkte vir die ontvangerland met tussen 20 en 40 persent omdat hy gedwing word om nie 'n optimum beleid te volg nie (kyk o.a. Todaro, 1977, p. 351 en Meier, 1974, p. 24). Dit is ook duidelik dat die skenker alleen hierdie tipe hulp uit eie belang verskaf omdat dit geen addisionele las op hom plaas nie, want die lening wat hy aan die ontvanger maak, word weer by hom bestee en dan volg daar ook nog opvolgbestellings byvoorbeeld waar daar trekkers aangekoop is, vir onderdele.

'n Vierde dilemma wat ontstaan, is dat die skenkerland geen sekerheid het dat sy hulpverlening wel produktief aangewend word nie. Dit kan wel tot 'n mate beheer word deur spesifieke vereistes (soos hierbo gestel) daaraan te koppel of dit vir spesifieke projekte toe te staan, maar dit stel nog steeds die ontvanger in staat om dan alternatiewe bronne te vermors. Dit is ongeveer dieselfde volstruisredenasie van die Wêreldraad van kerke dat hulle hulpverlening aan die terroriste vir humanitêre doeleindes nie geweld sal bevorder nie.

Skenkerlande koppel ook vyfdens hulpverlening aan ontwikkelingsprojekte wat die ontvangers onder morele verpligtinge plaas. As daar 'n hoofstad of 'n staalfabriek met 'n sekere skenker se hulp gebou is, dien dit as

voortdurende herinnering aan die betrokke land se verbintenis met sy skenker. Hierdie tipe hulpverlening het dikwels 'n politieke doelwit en gaan dan gewoonlik aan bevriende lande.

**4.6 Die omvang van hulpverlening** (kyk o.a. Ohlin, 1966, p. 65-84)

*4.6.1 Verskaffing van hulp* (Salvatore & Dowling, 1977, p. 140-191)

Hulpverlening kan van die volgende bronne afkomstig wees:
4.6.1.1 Lande met surpluskapitaal soos die VSA en die USSR;
4.6.1.2 groepe lande soos die Europese Gemeenskapsmark, die olie-uitvoerlande (OPEC) ensovoorts;
4.6.1.3 spesifieke instellings soos die Agentskap vir Internasionale Ontwikkeling (AID), die Internasionale Finansiekorporasie, (IFC); die VVO die Europese Ontwikkelingsfonds (EDF), die Europese Investeringsbank (EIB), Streekontwikkelingsbanke, die VSA se In- en Uitvoerbank; die Wêreldbank en die Ontwikkelingshulpkomitee van die OECD (DAC).

*4.6.2 Omvang en moontlikhede*

Uit die groot ontwikkelingsgaping wat minder ontwikkelde lande moet probeer oorbrug, is dit duidelik dat 'n groot hoeveelheid ekonomiese hulpverlening nodig is. Die eerste oogmerke is deur UNCTAD gestel, wat teen 1970 deur die VVO so gestel is dat ontwikkelde lande 0,7 persent van hulle bruto nasionale produkte vir hulpverlening beskikbaar moet stel. Dit is egter nie verwesenlik nie, want ofskoon dit in 1960 0,52 persent was, was dit in 1970 0,42 persent en in 1976 0,36 persent (McNamara, 1970, p. 18; kyk ook World Bank, 1978(b), p. 98; World Bank, 1971, tabelle 4.1 tot 4.7 en grafieke 4.1 tot 4.7; Streeten, 1972, p. 45-54; Friedman, 1966, p. 8-16). As die olie-uitvoerlande nie ook tot hulpverskaffing oorgegaan het nie, sou dit in 1976 nog slegter gelyk het (vir die rol van die petro-dollars vir wêreldekonomie kyk Lütkenhorst, 1979, p. 84-89).

Tabel 4 gee 'n uiteensetting van die omvang van ekonomiese hulpverlening wat van die lande van die Ontwikkelingshulpkomitee vir die periode 1965 tot 1985 verwag word, en ofskoon die toename wat vir 1985 tot 0,39 persent van die lande se bruto nasionale produkte beoog word, nie groot is nie, sal dit tog 'n drastiese ommekeer in die huidige neigings vereis. As die geskiedenis as barometer gencem kan word, is daar maar bedenkinge, want in 1970 het die Wêreldbank verwag dat sake gunstig sal begin verloop totdat McNamara (1977, p. 3) gesê het: „All of this lends encouragement

to the view that the decline in official foreign aid is now reversing itself". In daardie stadium was die VSA ook alreeds 'n uitsondering, want hulle het ongeveer 0,2 persent van hulle bruto nasionale produk aan hulpverlening verskaf.

Hier moet egter spesiaal van die posisie van die Republiek van Suid-Afrika melding gemaak word, want teen 1976-77 het die Republiek ongeveer 2,4 persent van sy bruto nasionale produk aan ekonomiese hulpverlening aan sy swart mense en tuislande verleen (uitgesonderd hulpverlening aan lande buiten die genoemdes (Suid-Afrika (Rep.) Buro vir Nasionale en Internasionale Kommunikasie, 1978, p. 261. Hierdie getal maak voorsiening vir belasting betaal aan die RSA. Daarsonder is die persentasie 2,9 persent).

Hierdie tendense kan daaruit verklaar word dat die hulpverleners al hoe meer ontnugter geraak het toe hulle die resultate, die probleme, die vermorsing deur korrupte amptenare en die kritiese houding van die ontvangers begin kyk (Diawara, 1976, p. 4-5). Maar die ontvangerlande het net so ontnugter geraak, want van hulle hoog gekoesterde ideale is weinig verwesenlik. Die gevolg is dat hulle meer begin belang stel in ekonomiese hulpverlening wat hulle help om self te ontwikkel (Matthies, 1979, p. 75-79). Daar word ook gevind dat weens die beperkinge en voorwaardes deur lande met betrekking tot hulpverlening die ontvangers steeds meer van die multilaterale instellings soos die Wêreldbank vir die verkryging van hulp gebruik maak, want die politieke faktor bestaan daar minstens nie. Die ontnugtering van skenkers het ook veroorsaak dat skenkings in verhouding tot lenings al hoe minder belangrik word, want van die totaal het die skenkings van 70 persent na 40 persent bedaal (Todaro, 1977, p. 351). Dit dui op 'n toename in die belangrikheid van ekonomiese argumente.

Word die huidige ekonomiese toestand van die wêreld in ag geneem, met die hoë inflasiekoers en stygende oliepryse en dreigende resessies tesame met die ervaring van hulpverlening, bestaan daar ernstige twyfel of die gestelde doelwitte vir die hulpverlening wel bereik sal word.

## 5. DIE BETEKENIS VAN EKONOMIESE HULPVERLENING

(kyk o.a. Healey, 1977, p. 31-63. In hierdie paragraaf word net na die betekenis as faset in beleidsvorming verwys en nie 'n analise van die werklike betekenis gegee nie.)

Daar is basies twee teenoorgestelde standpunte oor die betekenis van ekonomiese hulpverlening. Aan die een kant is daar daardie kenners wat van me-

ning is dat dit tot groot voordeel van die minder ontwikkelde lande en dus ook onregstreeks van die ontwikkelde lande strek. Maar aan die ander kant is daar dié wat van mening is dat dit die ontwikkelingsproses van die minder ontwikkelde lande selfs vertraag (Todaro, 1977, p. 352). Dit word selfs verder in dié opsig gekritiseer dat dit tot 'n verbreding van die gaping tussen die tradisionele en die moderne sektore in hierdie lande aanleiding kan gee. Dat daar waarheid in beide standpunte is, volg ook uit wat in die voorgaande paragrawe gesê is, maar dit wil tog voorkom of daar groter voordele in hulpverlening kan wees, mits dit op die regte grondslae verskaf word en vir produktiewe doeleindes aangewend word. Omdat daar in baie gevalle nie hieraan voldoen word nie, faal dit en word beoogde doelwitte nie bereik nie, en dit gee aanleiding tot die frustrasie wat oor hulpverlening in beide ontwikkelde en minder ontwikkelde lande bestaan. Dit is dan van wesenlike belang dat owerhede in hulle beleidsvorming veral na die betekenis van die hulp wat verleen word, sal kyk. Meer navorsing word egter vereis om die werklike graad van die betekenis van ekonomiese hulpverlening te bepaal.

## 6. BELEIDSBEPALING VIR EKONOMIESE HULPVERLENING

Uit die hele reeks dilemmas blyk baie duidelik dat dit hoofsaaklik die gevolg is van 'n gebrek aan 'n duidelike deur beginsel gefundeerde beleid oor ekonomiese hulpverlening en dat dit een van die kritieke vereistes is vir lande, instellings en individue om die geslaagste gebruik daarvan te verseker. Almal betrokke by ekonomiese hulpverlening het in die afgelope aantal jare terdeë onder die besef gekom dat dit een van die ingewikkeldste aspekte in hulle internasionale ekonomiese betrekkinge vorm (Ohlin, 1966, p. 13) en dat daar baie meer probleme is as wat verwag is (Ezenwe, 1979, p. 57). Daarom word steeds meer aandag aan die beleid daaroor geskenk, maar hulpverleners en -ontvangers wat nie op 'n Christelike grondslag staan nie, ervaar geweldige probleme hiermee, omdat hulle maatstawwe aan menslike norme gebonde is wat weens die subjektiwiteit daarvan van persoon tot persoon en geval tot geval wissel.

Beleid oor ekonomiese hulpverlening het in die verlede gewoonlik in twee kategorieë uiteengeval, naamlik die sogenaamde internasionale hulpdoktrine, wat hoofsaaklik deur internasionale organisasies voorgestaan word en inhou dat die rykes (ryk lande) die armes (arm lande) moet help bloot omdat hulle beter daartoe in staat is (Vir die beleide van internasionale organisasies, soos die Wêreldbank, I.F.C. en I.D.A., kyk o.a. World Bank, 1969, p. 30-41 en 70-72; Ohlin, 1966, p. 14-15; Farer, 1965, p. 225-231). Tweedens bestaan

daar 'n groep „doktrines" wat heterogeen van aard en komplekser is, omdat dit op elke skenker se spesifieke oorwegings vir hulpverskaffing gebaseer is (kyk o.a. Meier, 1974, p. 47-86; Ohlin, 1966, p. 15-54; Streeten, 1972, p. 3-44; Friedman, 1966, p. 378-456 – al hierdie bronne gee 'n oorsig van spesifieke lande se beleide vir ekonomiese hulpverlening).

Word hiedie groep verder ontleed, bestaan daar hoofsaaklik vier benaderings:

Eerstens is daar die van die VSA, wat net op die politieke ontwikkeling van ontvangers konsentreer en gevolglik in hulle beleid met die hele ontwikkelingstrategie (en dus huishoudelike sake) van die ontvanger te doen het.

Tweedens bestaan daar die programme van die koloniale moondhede soos Brittanje en Frankryk, wat in 'n groot mate dieselfde beleid as die VSA volg maar dit ook 'n bietjie verder uitbrei na hulpverlening om ekonomiese diplomasie, met ander woorde om die ontvanger se ekonomiese verhoudinge met ander lande te bevoordeel.

Derdens is daar 'n groep lande soos Duitsland en Japan, waarvan die beleid is om hulpverlening vir spesifieke ontwikkelingsprojekte te skenk ten einde hulle ekonomiese verhoudinge met die ontvangers te versterk.

Laastens is daar 'n groep lande, soos die Republiek van Suid-Afrika, wat meer konsentreer op die verskaffing van nie-finansiële hulp om te vermy dat verpligtinge wat nie nagekom kan word nie, aangegaan word en omdat dit as aanvulling by die ryker lande se hulpverlening moet dien.

Die beleid van die Republiek van Suid-Afrika vir hulpverlening kan in die volgende saamgevat word: om hulpsoekers te help om hulle ekonomiese ontwikkeling op eie stoom te bewerkstellig, want daardeur kan die RSA sy eie voorspoed en sekuriteit beter verseker as wanneer hy hom van hierdie versoeke sou wil isoleer (Leistner, 1970, p. 5). Meer spesifiek kan die volgende aspekte oor die hulpverlening uit verklarings deur die owerheid vir die RSA afgelei word (Leistner, 1970, p. 5):

(i) Daar moet nie in skenkers en ontvangers se sake ingemeng word nie.

(ii) Die RSA wil ekonomiese ontwikkeling in naburige state aanspoor deur handel en ekonomiese verhoudinge te versterk, terwyl finansiële hulp as daaraan ondergeskik beskou word.

(iii) Hulpverlening moet spesifiek versoek word.

(iv) Die RSA se hulp moet produktief wees en die ontvanger tot eie ekonomiese ontwikkeling aanspoor.

(v) Die klem val eerder op tegniese as op finansiële hulp en eerder op lenings as op skenkings.

(vi) Die RSA beskou sy hulpverlening as aanvullend tot dié van ander lande

en instellings, veral van die meer kapitaalgerigte skenkers.
(vii) Hulpverlening aan die buiteland is onderworpe aan die beskikbaarheid daarvan nadat hulpverlening aan eie minder ontwikkelde gebiede en mense verskaf is.

Gesien uit die oogpunt van die talle dilemmas wat ekonomiese hulpverlening inhou, wil dit voorkom asof dit nie veel van 'n toekoms het nie. Dit moet egter nie as 'n doodloopstraat gesien word nie maar as die nuwe uitdagings wat deur die huidige internasionale ekonomiese verhoudinge gestel word. Die internasionale gemeenskap is nou voor die beslissing geplaas om met groter realisme 'n analise van die rol van hulpverlening te maak, want die behoefte aan 'n aanvaarbare gedragskode word al hoe dringender (Ohlin, 1966, p. 100).

Vir die eerste keer sal suiwer riglyne deur amptelike hulpverleningsbeleide gestel moet word. Die taak van die Christelike owerheid is nie net baie makliker as die van ander lande nie maar ook baie verantwoordeliker, omdat suiwer riglyne bestaan. Owerhede sonder vaste norme staan byvoorbeeld voor die dilemma van watter beleid gevolg moet word om hulpverlening te verskaf deur eie oorvloed te verseker of algemene verantwoordelikheid te aanvaar (McNamara, 1977, p. 5).

Daarom kan daar verwag word dat daar 'n hele aantal veranderinge in die beleid oor hulpverlening gaan intree:

Eerstens sal die groot gaping tussen ryk en arm lande veroorsaak dat daar nie voldoende hulpverlening geskenk sal kan word om die vereiste tempo van ekonomiese ontwikkeling te verseker nie. Dit beteken dat die arm lande of die ontvangers van hulp steeds meer op hulle eie ekonomiese ontwikkeling en dus ook op dié van hulle eweknieë ingestel sal wees. Dit sal 'n radikale verandering by die arm lande oor ekonomiese ontwikkeling vereis. Hulle sal nie meer as doelwit kan stel dat die ontwikkelingsgaping oorbrug moet word nie, maar dat hulle 'n beter kwaliteit van lewensstandaard vir hulle inwoners wil stel. Soos McNamara (1977, p. 8) dit stel: „What is more important as an objective is to seek to narrow the gaps between themselves and the developed nations in terms of the quality of life: in nutrition, literacy, life expectancy, and the physical and social environment".

Tweedens gaan ook aansienlike houdingsveranderinge by die ryk (of skenkerlande) vereis word. Hulle sal moet afsien van die meerderwaardige houding dat hulle beter as minder ontwikkelde lande is, en selfs nog positiewer moet optree om deur die goeie voorbeeld minder ontwikkelde lande hulle eie waarde te laat besef (Goulet, 1976, p. 32). Dit beteken dat die soort lewenstandaard van die ontwikkelde lande nie as die voorbeeld van 'n beter lewenstandaard vir die minder ontwikkelde land gestel moet word nie

maar dat die minder ontwikkelde land sy eie waardes vir 'n beter lewenstandaard bepaal.

Derdens sal beide arm en ryk lande moet aanvaar dat hulle internasionaal afhanklik is (die belangrikheid van internasionale verhoudinge van lande word verder aangedui in Balassa, 1978, p. 181-189) en dat internasionale ekonomiese verhoudinge deel van die voortbestaan van die internasionale gemeenskap is. Dit is ook verkeerd om die houding van veral ontwikkelde lande aan te neem dat hulle geen verantwoordelikheid buite hulle grense het nie en dat elkeen vir homself moet sorg, met ander woorde net vir eie belang werk. In die internasionale gemeenskap bestaan nie so iets as volkome geïsoleerde gemeenskappe nie, en die voor- en teëspoed van ander gemeenskappe word uiteindelik op alle vlakke ervaar. Veel meer bevredigend en geslaagd sou dit dus wees as skenkerlande wil besef dat deur hulpverlening aan arm lande te bied, hulle oor die lang termyn tot die voordeel van die hele internasionale gemeenskap sal werk. Hulle sal ook hulle verantwoordelikheid getrouer nakom as hulle in gedagte hou dat die smee van internasionale verhoudinge en dus internasionale handel vir die kleiner (en meestal arm) lande baie groot voordeel inhou (kyk bv. Ethier & Ray, 1979, p. 127). Daar is reeds vordering in hierdie rigting gemaak, soos die Internasionale Fonds vir Landboubevolkings, wat deur die olie-uitvoerlande gestig is (Todaro, 1977, p. 357). Die groot voordeel wat dit verder inhou, is dat daar internasionale diversifikasie in die produksieproses kan plaasvind, waardeur die ongesonde monopoliemag van sommige lande beperk sal word (Wilhelms, 1972, p. 171).

Derdens moet besef word dat die komplekse aard van hulpverlening impliseer dat ekonomiese oorwegings nie alleen vir beleidsbesluite daaroor verantwoordelik is nie, hoewel dit oor die lang termyn wel deurslaggewend kan wees. Daarom sal daar by hulpversoeke ook op ander faktore as slegs die ekonomiese gelet moet word, sodat die mees gepaste skenker verkry word.

Wat van die RSA? Dit wil voorkom of die hulpverleningsbeleid deurgaans op 'n goeie grondslag berus het. Dit is ook maklik te verklaar in die struktuur van die Suid-Afrikaanse ekonomie, waar daar baie jare reeds gepoog word om die minder ontwikkelde gebiede deur hulpverlening ekonomies uit te bou. Die verantwoordelikheid van die RSA buite sy grense kom ook al hoe skerper onder die soeklig, soos die duidelike verklaring van owerheidsweë die afgelope aantal maande oor die vorming van 'n konstellasie van Suider-Afrikaanse state ook aandui (Anon, 1979, p. 6). Die RSA neem steeds 'n groter plek in die internasionale mark in, en dit is een van die land se belangrikste wapens om hom sy eie voortbestaan maar ook dié van sy onmiddellike en nabygeleë bure te verseker. Dit is ook duidelik dat ekonomiese hulpver-

lening van die RSA nie net op ekonomiese oorwegings berus nie. Die Suid-Afrikaanse owerheid moet vermy om allerhande gepaste redes vir hulpverlening te soek, soos veiligheid, menslikheid, buurskap, en hom liewer deur sy Christelike beginsels laat lei, wat in elk geval vir die hele spektrum van die lewe voorsiening maak.

Alles in ag genome kan dus verwag word dat daar relatief minder ekonomiese hulpverlening van skenkerlande na minder ontwikkelde lande sal vloei maar ook dat die hulpverlening meer op die spesifieke behoeftes van die ontvangerland gerig sal wees, soos Duitsland dit alreeds doen (Offergeld, 1979, p. 68-70). Dit gaan dus nie meer om die vraag van òf hulp verleen moet word nie maar om hoe en hoeveel (Thorp, 1971, p. 319). Die groter versigtigheid van hulpverleners en gebruikers hou ook in dat die beskikbare hulp doeltreffender aangewend sal moet word. Daarvoor sal goeie beplanning en koördinasie 'n vereiste wees (Tinbergen, 1968, p. 458), sodat die ontwikkelingshulpbeleid duidelik geformuleer kan word (Miskesell, 1968, p. 2). Maar daarvoor is groter buigsaamheid in die hele beleid oor hulpverskaffing noodsaaklik, waarvoor diepgaande ondersoek oor die houding van alle betrokke partye gedoen moet word (Ezenwe, 1979, p. 59).

Die grootste struikelblokke in die beleid oor ekonomiese hulpverskaffing bly polities en institusioneel. Maar dit is noodsaaklik dat die beginsels van produktiwiteit, eie toepaslike ekonomiese ontwikkeling en volgehoue samewerking deurgaans moet geld. Daarvoor word volledige kennis oor die verskillende lande, soos byvoorbeeld die gepaste tegnologie, benodig (Schumacher, 1972, p. 75-92). Dit kan ekonomiese hulpverlening op realistieser doelwitte, soos die verbetering in die lewenstandaard deur beter voeding, onderwys en gesondheid, rig. Dit sal help vermy dat die altyd dreigende gaping tussen die ryk en arm lande 'n groter potensiaal vir konflikte word. Die ryk vennoot moet steeds besef dat sy verlies in so 'n situasie oneindig groter gaan wees as die van die arm vennoot. Dit bring die kern van die beleid vir ekonomiese hulpverlening terug tot die basiese uitgangspunt van medeverantwoordelikheid dat eie belang tot almal se voordeel kan wees, maar dan slegs deur mekaar te ondersteun. Alleen dan sal elke land in staat gestel kan word om hom beter te handhaaf en 'n kleiner las op die internasionale gemeenskap te plaas, sodat die dilemmas in ekonomiese hulpverlening dan ook verdwyn.

Die groot werk wat dus vir 'n land soos die RSA voorlê, is om deur middel van voldoende navorsing, veral in die Christelike wetenskap oor ontwikkelingsekonomie, 'n stelsel van aanwysers te ontwikkel waardeur die behoefte, die aanwending en die betekenis van ekonomiese hulpverlening duidelik geïdentifiseer en geëvalueer kan word (Budhoo, 1973, p. 5-7) en om nieteen-

staande die risiko's positief toe te tree. Daarmee saam moet daar ook voortdurend pogings aangewend word om die bevolking oor sy verantwoordelikhede binne sy roeping hierin op te voed.

Tabel 1

**INDEKSE VAN VERGELYKING VAN TIPE LAND**

| *Tipe land* | *Totale bevolking middel 1976* Miljoene | *BNP/capita* *Gemiddeld 1976* R | *Gemiddeld jaarlikse groeikoers 1960 tot 1976* Persent | *Indeks van voedselproduksie 1974-1976 1965-1967 = 100* | *Energie* *Gemiddelde jaarlikse groeikoers 1960-1975* Persent | *Per capita verbruik (ekwivalent in kilogram steenkool) 1975* | *Gemiddelde inflasiekoers* *1960-1970* Persent | *1970-1976* Persent |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Lae inkomste | 1 215,5 | 123 | 0,9 | 96 | 9,4 | 52 | 3,1 | 9,8 |
| Middelinkomste | 896,5 | 615 | 2,8 | 104 | 8,5 | 524 | 3,2 | 12,8 |
| Nywerheidslande | 682,8 | 5 084 | 3,4 | 110 | 3,0 | 5 016 | 4,2 | 9,3 |
| RSA | 26,0 | 1 099 | 3,0 | 102 | 3,8 | — | 3,1 | 11,3 |
| Olie-uitvoerlande | 12,2 | 5 174 | 7,0 | — | 12,8 | 1 398 | 1,0 | 33,3 |
| Sentraal beplande lande | 1 207,7 | 1 870 | 3,5 | 114 | 4,6 | 3 624 | — | — |

*Opmerkings:*

1. Die wisselkoers wat gebruik is, is $1.00 = R0,82
2. Die RSA vorm deel van nywerheidslande
3. Die bron wat gebruik is, is WORLD BANK, 1978. World development report, 1976. Washington, D.C., World Bank, p. 76-77. August.

Tabel 2

RELATIEWE INKOMSTEGAPINGS: INKOMSTE PER CAPITA VAN MINDER ONTWIKKELDE LANDE AS PERSENTASIE VAN ONTWIKKELDE LANDE

| *Tipe land* | *1950* | *1960* | *1970* |
|---|---|---|---|
| Lae inkomste | 6,1 | 4,0 | 2,6 |
| Middelinkomste | 20,8 | 18,3 | 17,0 |
| Olie-uitvoerlande | – | 16,1 | 22,6 |
| Alle minder ontwikkelde lande | 11,9 | 9,7 | 9,2 |

*Bron:* McNAMARA, R.S. 1977. Address to the Board of Govenors. Washington, D.C., World Bank, p. 8. September 26.

Tabel 3

INVESTERING EN BESPARING IN MINDER ONTWIKKELDE LANDE 1960 EN 1975 (PERSENTASIE VAN BRUTO BUITELANDSE PRODUK)

| | *Laeinkomstelande* | | *Middelinkomstelande* | |
|---|---|---|---|---|
| | 1960 | 1975 | 1960 | 1975 |
| Bruto binnelandse investering | 14,7 | 19,1 | 20,2 | 26,4 |
| Gefinansier deur: | | | | |
| 1. Bruto binnelandse besparing | 11,6 | 15,6 | 17,8 | 22,1 |
| 2. Invloei van netto buitelandse bronne | 3,1 | 3,5 | 2,4 | 4,3 |
| Netto buitelandse bronne as persentasie van investering | 21 | 18 | 12 | 16 |

**Tabel 4**

**NETTO VLOEI VAN AMPTELIKE ONTWIKKELINGSHULP DEUR SKENKERS 1965 TOT 1985**

| *Skenkers* | *Miljard Rand* | | | *Gemiddelde jaarlikse reële groeikoers (persent)* | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1965 | 1975 | 1985 | 1965 tot 1975 | 1975 tot 1985 |
| Lede van die Ontwikkelingshulpkomitee van die OECD | 5,5 | 11,2 | 35,8 | 3,3 | 5,1 |
| Lede van die Organisasie vir Olie-uitvoerlande | – | 4,5 | 10,8 | – | 2,1 |
| TOTAAL | 5,5 | 15,7 | 46,6 | 6,9 | 4,3 |
| Hulpverskaffing van die lede van die Ontwikkelingshulpkomitee van die OECD as persentasie van hulle BNP | 0,34 | 0,36 | 0,39 | | |

*Bron*: WORLD BANK, 1978. World development report. Washington, D.C., World Bank, p. 25. August.

Tabel 5

**VERHOUDING VAN DIENSTEBETALINGS VAN MINDER ONTWIKKELDE LANDE VIR 1970 TOT 1985**

| *Lande* | *Persentasie van uitvoer van produkte en nie-faktordienste* | | | *Persentasie van BNP* | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1970 | 1975 | 1985 | 1970 | 1975 | 1985 |
| Lae inkomste Asië | 16,8 | 12,6 | 12,6 | 1,0 | 1,3 | 1,4 |
| Lae inkomste Afrika | 4,8 | 6,7 | 9,6 | 1,2 | 1,5 | 2,5 |
| Middelinkomste | 15,6 | 11,8 | 22,0 | 2,4 | 2,7 | 4,8 |
| Alle minder ontwikkelde lande | 15,2 | 11,8 | 21,0 | 2,1 | 2,4 | 4,3 |

*Bron:* WORLD BANK, 1978. World development report. Washington, D.C., World Bank, p. 31. August.

Tabel 6

**UITSTAANDE SKULD VAN LANDE AS PERSENTASIE VAN DIE BNP VIR 1970 EN 1976**

| *Lande* | *1970* | *1976* |
|---|---|---|
| Lae inkomste | 14,2 | 20,9 |
| Middelinkomste | 13,2 | 17,0 |

*Bron:* WORLD BANK, 1978. World development report, Washington, D.C., World Bank, p. 96-97, August.

**BIBLIOGRAFIE**

ANON. 1979. A constellation of Southern African States. *South African Digest:* 6, June 6.

BALASSA, B. 1978. Experts and economic growth. *Journal of developmental economics,* 5:181-189.

BUDHOO, D.L. 1973. The integrated theory of development assistance; an initial statement. Jamaica, Institute of Social and Economic Research, University of the West Indies.

CLARK, W. 1965. What is aid? (*In* Conference on public policy; problems of foreign aid. Dar es Salaam, Institute of Public Administration).

DIAWARA, M.T. 1976. Realities of cooperation and confrontation (*In* Schwartz, P.N. *ed.* Confrontation or cooperation. Oxford, Pergamon).

EZENWE, U. 1979. UNCTAD V and the prospects for the 1980s. *Intereconomics,* 2:55-59, March/April.

ETHIER, W. & RAY, A. 1979. Gains from trade and the size of a country, II. *Journal of international economics,* 127, Feb.

FARER, T.J. *ed.* 1965. Financing African development. Cambridge, Mass., M.I.T. Press.

FRIEDMAN, W.G. *et al.* 1966. International financial aid. New York, Columbia.

GOULET, D. 1976. World interdependence; verbal smokescreen of new ethic? London, Overseas Development Council. (Development paper 21).

HEALY, J.M. 1977. The economics of aid. London, Routledge & Paul.

KAMARCK, A.M. 1971. The economics of African development. rev. ed. New York, Praeger.

KRIKPATRICK, C.H. 1979. The renogotiation of the Lomé Convention. *National Westminister Bank quarterly review,* May.

LEISTNER, G.M.E. 1970. South Africa's development aid to African states. Pretoria, Africa Institute of South Africa (Occational paper no. 28).

LüTKENHORST, W. 1979. The petrodollars and the world economy. *Intereconomics,* 2:84-89, Mr/Apr.

McNAMARA, R.S. 1970. Address to the Columbia University on international economic development, 20 Feb. 1970. Washington, D.C., World Bank.

McNAMARA, R.S. 1977. Address to the Board of Govenors. Washington, D.C., World Bank.

MATTHIES, V. 1979. Collection self-reliance; concept and reality. *Intereconomics,* 2:75-79, Mr/Apr.

MEIER, E.M. 1974. Problems of cooperation for development. New York, Oxford University Press.

MISKESELL, R.F. 1968. The economics of foreign aid. London, Weidenfeld and Nicholson.

OFFERGELD, R. 1979. Cooperation with take-off countries, *Intereconomics,* 2:68, Mr/Apr.

OHLIN, G. 1966. Foreign aid policies reconsidered. Paris, Development Center of the Organisation for Economic Co-operation and Development (Development Center Studies)

SALVATORE, D. & DOWLING, E. 1977. Development economics. Johannesburg, McGraw-Hill.

SCHUMACHER, E.F. 1972. The work of the Intermediate Technology Group in Africa. *International labour review,* 106(1):75-92, July.

STREETEN, P. 1972. Aid tot Africa; a policy outline for the 1970's. New York, Praeger. (Praeger special studies in international economics and development).

SUID-AFRIKA (REP.) Suid-Afrikaanse Buro vir Nasionale en Internasionale kommunikasie. 1978. South Africa; official yearbook of the Republic of South Africa. 5th ed. Johannesburg.

THIRLWALL, A.P. 1976. Financing economic development. London MacMillan.

THORP, W.L. 1971. The reality of foreign aid. New York, Preager.

TINBERGEN, J. 1968. Wanted; a world development plan (*In* Gardiner, R.N. & MILIKAN, M.F. The global partnership, international agencies and development. New York, Preager).

TODARO, M.P. 1977. Economics for a developing world. London, Longmans.

UNITED NATIONS ECONOMIC COMMISSION FOR AFRICA. 1972. African economic indicators, 1970. Addis Ababa.

VAN WYK, L.A. 1974. Die evaluasie van ontwikkelingsprojekte; 'n omvattende koste-voordeelanalise van die Meeroewerpad in Malawië. Potchefstroom (Ongepubliseerde Proefskrif – PU vir CHO).

VAN WYK, L.A. 1977. The development potential in Africa. *Koers*, 42(6): 498-524.

WILHELMS, C. 1972.Aims and problems in deversification. *Intereconomics*, 6:170-172.

WORLD BANK. 1967. World Bank Group in Africa, June 1967. Washington, D.C., International Bank for Reconstruction and Development.

WORLD BANK. 1969. I.F.C. and I.D.A.; policies and operations. Washington, D.C., International Bank for Reconstruction and Development.

WORLD BANK. 1971. Trends in developing countries. Washington, D.C., International Bank for Reconstruction and Development.

WORLD BANK. 1978. Annual report. Washington, D.C., International Bank for Reconstruction and Development.

WORLD BANK. 1978(a). World Bank atlas. Washington, D.C., International Bank for Reconstruction and Development.

WORLD BANK, 1978(b). World development report, August 1978. Washington, D.C., International Bank for Reconstruction and Development.